

RIGLYNE VIR GEBED

(Matteus 6:9-13)

INLEIDING

Twee aanduidings van ware geloof

- Gereelde bestudering van God se Woord Josua 1:8
- Gereelde gebed 1 Tessalonisense 5:17

Ons bid dikwels verkeerd omdat ons nie die Woord van God verstaan nie

- "Laat U Gees oor ons kom" vgl. 1 Korintiërs 12:13
- "Gee ons krag" vgl. Filippense 4:13
- "Wees met ons" vgl. Matteus 28:2
- "Gee ons meer liefde" vgl. Romeine 5:5

DIE DOEL VAN GEBED

Die "Onse Vader" is nooit bedoel om soos 'n resitasie opgesê te word nie

- Jesus het hulle so pas gewaarsku teen "ydele herhalings" Matteus 6:7 (OV)
- In Lukas 11:2-4 het Hy ietwat ander woorde gebruik
- Dit was 'n raamwerk vir gebed - nie die woorde van 'n gebed nie

Die fokus van ware gebed is altyd om God te verheerlik

- Om Sy Naam te vereer en sy heiligheid te verhef Johannes 14:13
- Hy weier versoeke wat nie op sy eer fokus nie bv. Markus 10:40
- Dit is waarom soveel gebede nie beantwoord word nie Jakobus 4:3

Die fokus van gebed behoort nooit ons behoeftes te wees nie

- Want Hy het belowe om hulle te voorsien nog voordat ons daarvoor vra Matteus 6:8

GOD SE VADERSKAP ("Ons Vader wat in die hemel is")

"Ons Vader" (Abba) beklemtoon:

- Die feit dat ons gesinslede van God se familie is 1 Korintiërs 12:27
- Die intimiteit van ons verhouding met God 1 Johannes 3:1

Die implikasies vir die kind van God

- Die verdwyning van vrees Lukas 12:32
- Die verskaffing van hoop Efesiërs 1:18
- Die antwoord op eensaamheid Hebreërs 13:5 vgl. Psalm 68:6-7
- Die oorfloed van hulpbronne omdat Hy in die hemel is 2 Petrus 1:3
- Die beskikbaarheid van wysheid Jakobus 1:5

GOD SE VERERING ("Laat U Naam geheilig word")

God se Naam verteenwoordig Sy karakter en sy eienskappe vgl. Johannes 17:6

Om God se Naam te heilig beteken om Hom met 'n diepe ontsag te nader bv. Jesaja 6:3-5

- Om goedkoop familiariteit te vermy 2 Korintiërs 7:1
- Om Hom as heilig te vereer vgl. Numeri 20:12 (OV)

Ons heilig Sy Naam deur:

- 'n Lewe van gehoorsaamheid te lei 1 Samuel 15:22
- Sy eienskappe in ons alledaagse gedrag te openbaar 1 Korintiërs 10:31

GOD SE VERLANGE ("Laat u koninkryk kom")

Die "koninkryk van God" was die kern van Jesus se boodskap

- Lukas 4:43 Handeling 1:3

Dr Arnold Mol

Dit verwys na:

- Sy universele heerskappy 1 Kronieke 29:11-12
- Die duisendjarige vrederyk Openbaring 20:6
- God se heerskappy in ons lewens Lukas 17:21

Om te bid "laat U koninkryk kom" impliseer ons onderwerping aan Sy heerskappy in ons lewens

Jakobus 4:7

- Dat ons Hom die reg gee om te doen wat Hy wil met:
 - Ons geld
 - Ons tyd
 - Ons gesondheid

GOD SE VEREISTE ("Laat U wil geskied")

Om te bid "Laat U wil geskied" beteken:

- 'n Brandende begeerte dat God se wil gedoen sal word op aarde vgl. Filippense 1:21
- Dat ek myself geheel en al aan God se wil onderwerp bv. Lukas 22:42
- Die kernvraag om elke oggend te vra is: "Here wat wil U hê moet ek vandag doen?"

Matteus 6:33

GOD SE VOORSIENING ("Gee ons vandag ons daaglikse brood")

Dit is nie 'n versoek nie, maar 'n *erkenning* van:

- Die Bron ("Ons Vader")
 - Ons is totaal afhanklik van God 1 Kronieke 29:14
- Die Bestanddeel ("Brood")
 - Hy voorsien in ons behoeftes, nie ons begeertes nie Matteus 6:32
- Die Behoeftiges ("Gee ons")
 - Ons het 'n verantwoordelikheid om vir ander te sorg 1 Johannes 3:17
- Die Bepaling ("Vandag")
 - Ons moet God een dag op 'n slag vertrou Matteus 6:34

Hierdie gebed bevestig God se belofte om in ons behoeftes te voorsien

- Let wel: Materiële versorging word slegs aan gelowiges belowe Psalm 37:25
- Al ons behoeftes word in ons verhouding met Jesus voorsien Filippense 4:19

God sal in ons behoeftes voorsien nog *voordat* ons vra Jesaja 65:24

- Hierdie "versoek" is bedoel om Sy goedheid te erken, nie om te verseker dat ons versorg word nie

GOD SE VERGIFNIS ("Vergeef ons ons oortredings")

God se vergifnis van sy kinders hang *nie* af van belydenis nie

- Ons word vergewe terwille van Jesus 1 Johannes 2:12
- Die bloed van Christus reinig ons voortdurend 1 Johannes 1:7
- Die Vader vergewe ons nog voordat ons bely het Lukas 15:20

Belydenis is egter noodsaaklik vir ons om God se vergifnis te *ervaar*

- Die Griekse woord beteken "om dieselfde ding te sê" bv. 1 Johannes 4:15
- Belydenis behels die *aanvaarding* van God se vergifnis, eerder as om daarvoor te vra

"Soos ons dié vergewe wat teen ons oortree" beklemtoon dat God vereer word wanneer ons ander hul oortredings teen ons vergewe

- As ons weier om te vergewe beteken dit dat *ons* God se vergifnis nog nooit aanvaar het nie

Matteus 6:15

- Die "vergeet" van vergifnis beteken nie "om uit die geheue te wis nie", maar om dit "nie · Dit beteken : "Om nie die oortreding in ag te neem nie"

GOD SE VERLOSSING ("Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose")

Wat beteken hierdie versoek?

- Dit beteken nie dat God ons in versoeking bring nie Jakobus 1:13
- Dit beteken ook nie dat God ons van beproewing sal bewaar nie vgl. Jakobus 1:2

Dit beteken om vir die Here te vra dat ek Hom nie sal wantrou wanneer ek beproef word nie

- Dit is die menslike noodkreet van "Here, beskerm my teen die versoekinge wat inherent in elke beproewing is"

God het ons nie vrystelling van versoekinge en beproewings belowe nie

- Maar Hy het wel belowe om die perke te stel en ons die uitkoms te gee 1 Korintiërs 10:13
- En Hy het ook belowe om ons die oorwinning te gee 1 Korintiërs 15:57

In ons gebede moet ons dus *ons* swakheid en sy krag erken

- Dit beklemtoon dat God vereer word wanneer ons versoeking oorwin
Job 2:3 1 Petrus 1:6-7

GOD SE VOORTREFLIKHEID ("Aan U behoort die koninkryk, en die krag, en die heerlikheid tot in ewigheid")

Daar is manuskripbewyse dat hierdie sin later bygevoeg is

- Maar dit is 'n goeie opsomming van die uitsluitlike doel van gebed

DIE PRAKTIESE IMPLIKASIES

Die enigste drie geldige motiewe vir ons gebede is dat

- Sy Naam geheilig word Matteus 6:9
- Sy koninkryk kom Matteus 6:10a
- Sy wil geskied Matteus 6:10b

Die grootste deel van ons gebedstyd moet dus gewy wees aan danksegging vir:

- Sy voorsiening Matteus 6:11
- Sy vergifnis Matteus 6:12
- Sy verlossing Matteus 6:13

SLOTSOM

Wanneer ons op die probleem fokus, bly die las op ons

Wanneer ons op die Here en sy heerlikheid fokus, verdwyn die las

--- o 0 o ---